# Oogmerk

Met hierdie wedstryd, wat al sedert 1979 jaarliks gereël word, wil die Bloemfonteinse Skrywersvereniging (BSV) die skeppende woord- en skryfkuns in Afrikaans bevorder. (Om dit ook onder mense wat 'n ander moedertaal as Afrikaans het te bevorder, bied ons aan deelnemers die geleentheid om aan te dui of hulle hul as behorende tot hierdie groep beskou. Die beoordeling word steeds anoniem op grond van literêre meriete gedoen, maar 'n addisionele aanmoedigingsprys word vir 'n verdienstelike inskrywing uit enige van die skolegroepe in Afdeling A toegeken.)

## *AANBIEDING VAN INSKRYWINGS:*

- Alle inskrywings moet in **REKENAARDRUK / GETIK** wees, in dubbelspasiëring op A4-grootte papier. Geen inskrywings per faks of e-pos sal oorweeg word nie. Bladsye moet links bo gekram wees.
- Inskrywings moet van 'n amptelike inskrywingsvorm vergesel wees. ('n Fotostaat of ander volledige kopie is ook aanvaarbaar.) Die inskrywingsvorm moet **VOLLEDIG** voltooi word. Één inskrywingsvorm kan vir 'n aantal deelnemers se inskrywings gebruik word.
- In die Skole-afdeling moet die skool se amptelike stempel op elke inskrywingsvorms (**LW: NIE OP DIE MANUSKRIPTE SELF NIE**) verskyn. Geen stempel word in die Ope Afdelings vereis nie.
- Elke inskrywing moet 'n titelbladsy hê waarop ***SLEGS*** die onderwerp en die **SKUILNAAM** van die deelnemer verskyn. Hierdie besonderhede kom ook op die inskrywingsvorm, wat die enigste plek is waar die deelnemer se werklike naam verstrek word (sodat die beoordelingsproses volkome anoniem kan plaasvind.
- Elke inskrywing moet van **inskrywingsgeld** ten bedrae van **R10** (TIEN RAND) vir skoliere en **R20** (TWINTIG RAND) vir volwassenes vergesel wees. 'n Skool mag 'n **gesamentlike betaling** vir al sy inskrywings doen. Betaling kan op een van die volgende twee wyses geskied. (***LW: Kontant is nie aanvaarbaar nie***):
  -**TJEKS**:Tjeks word uitgemaak aan: **DIE BLOEMFONTEINSE SKRYWERSVERENIGING**, en word saam met die inskrywing(s) versend.
  -**DIREKTE INBETALINGS - verkieslik:** Die geld word direk op die BSV se wedstrydrekening inbetaal en 'n fotostaat van die inbetalingstrokie word saam met die inskrywing(s) versend - terwyl die afsender die oorspronklike vir kontroledoeleindes bewaar.

***BANKBESONDERHEDE:***

| | |
|---|---|
| **Naam van rekening:** | Die Bloemfonteinse Skrywersvereniging |
| **Bank en Tak:** | ABSA, Brandwag , Bloemfontein |
| **Takkode:** | 334-334 |
| **Rekeningnommer:** | 38016331772 |
| **Verrekeningskode:** | 632005 |

**NB:** Die naam van die skool en/of persoon wat die geld deponeer **MOET** ingevoeg word en duidelik op die depositostrokie leesbaar wees. By elektronies oorbetalings, gebruik naam as "verwysing" asb.

**ADRES VIR INSKRYWINGS:**

Inskrywings vir die wedstryd word na die volgende adres gestuur om hul bestemming voor **Vrydag, 11 Mei 2015** te bereik:

**Skrywers 2015**
**p.a. NALN (vir aandag: Voorsitter Corlietha Swart)**
**Privaatsak X20543**
**BLOEMFONTEIN**
**9300**

**GEEN GEREGISTREERDE POSSTUKKE SAL AANVAAR WORD NIE.**
Slegs i.g.v. 'n **landswye posstaking** sal inskrywings gefaks kan word na faksnr.**0866028047.**

## NAVRAE:

Geen inligting oor die wedstryd kan ongelukkig gefaks word nie. Vir telefoniese navrae kan die volgende Bestuurslede van die BSV n.u. geskakel word:

**Mej. Lelani Fourie 0733883377**
**Mev. Ronelle Meyer 0824113963**

## Internetnavrae:

Stuur e-pos aan: **bloemsv@gmail.com**
**Elektroniese inskrywingsvorms** by:
http://bloemsv.wordpress.com

**1970 - 2015**
***Die Bloemfonteinse Skrywersvereniging*** in samewerking met **NALN** bied aan:

# Skrywers 2015

***met totale prysgeld van***

**R15000**

***Geborg deur***

***Die Fakulteit Geesteswetenskappe Universiteit van die Vrystaat***

## Wat word ingewag

- 'n Kortverhaal
- 'n Kortkortverhaal
- 'n Skets/vertelling
- 'n Essay (opstel)
- 'n Gedig



| **AFDELING A: SKOLE**<br>**Juniors: Grade 8 & 9 / Seniors Grade 10 - 12** | | |
|---|---|---|
| | **Juniors** | **Seniors** |
| **Eerste Prys** | **R 1200** | **R1 400** |
| **Tweede Prys** | **R 700** | **R 800** |
| **Derde Prys** | **R 400** | **R 500** |
| **Aanmoedigingsprys** | **R300** | **Jr. of Sr.** |
| **Skool met meeste inskrywings** | | **R1 000** |

| **JUNIORS ONDERWERPE AFDELING A** | |
|---|---|
| **1.Die stoorkamer onder die skoolverhoog.** | **4.Die halwe geraamte in die kas.** |
| **2. Sirkusmense.** | **5. 'n Padda vir Biologie.** |
| **3. Die bure se kinders.** | **6.Die skool sal gesluit wees tot verdere kennisgewing...** |

| **SENIORS ONDERWERPE AFDELING A** | |
|---|---|
| **1. Klein renostertjie.** | **4.Die ontploffing.** |
| **2. "Aarde, kom in, Aarde?!"** | **5. Vaarwel skool, hallo wêreld!** |
| **3. Wees bang, baie baie bang...** | **6.As kunsmatige intelligensie oorneem...** |

***Sluitingsdatum:*** **Maan, 11 Mei 2015**

Alle inskrywings word **VOLKOME ANONIEM** deur 'n paneel bevoegde beoordelaars beoordeel - slegs die deelnemer se **SKUILNAAM** verskyn op die manuskrip. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen briefwisseling word hieroor gevoer nie. Pryse word slegs toegeken as die gehalte dit regverdig.

Die weninskrywings sal in 'n bundel, ***INKVARS 2015***, opgeneem word. Die publikasie word deur die Bloemfonteinse Skrywersvereniging self gedra en sal tydens die BSV se jaarlikse slypskool bekendgestel en te koop aangebied word. (Benewens die reg tot opname – sonder vergoeding in hierdie bundel – berus die outeursreg volledig by die outeur.) Pryswenners, ook dié wat net eervol vermeld is, woon die BSV se jaarlikse *Slypskool vir Ontluikende Skrywers met* ***Deon Meyer*** in Bloemfontein (op 22 Augustus 2015) **gratis** by.

| **AFDELING B: OPE**<br>*Ongepubliseerde skrywers* | |
|---|---|
| **Eerste Prys** | **R1400** |
| **Tweede Prys** | **R800** |
| | |

| **ONDERWERPE AFDELING B** | |
|---|---|
| **1. 'n Tagtigjarige reeksmoordenaar** | **4. Karavaanmoles** |
| **2. Meermin in die Klein Karoo.** | **5."Sit jy?!"** |
| **3. Maanskyn, rooiwyn en 'n selfmoord / moord.** | **6.Kaartspel met die duiwel** |

| **AFDELING C: OPE**<br>*Skrywers wat voorheen teen vergoeding gepubliseer het* | |
|---|---|
| **Eerste Prys** | **R1400** |
| **Tweede Prys** | **R800** |

| **ONDERWERPE AFDELING C** | |
|---|---|
| **1. 'n Klein botteltjie gif** | **4. Die stemme in my kop.** |
| **2. 'n Onwelkome erfporsie.** | **5. Doodsengel.** |
| **3. Wanneer die leeus van die Kgalagadi brul...** | **6. Agter die lem van jou stem.** |




| **AFDELING D: POËSIE**<br>*Skole en Ope* | | |
|---|---|---|
| | **Skole (Jr. of Sr)** | **Ope (Afd. B of C)** |
| **Eerste Prys** | **R 1400** | **R 1400** |
| **Tweede Prys** | **R 700** | **R 800** |

| **ONDERWERPE AFDELING D** | |
|---|---|
| **1. "Eie keuse"-onderwerp** | **4. Splinteroomblikke.** |
| **2. Collage.** | **5. Enkeling.** |
| **3. Glasvlinders.** | **6. Labirint/ Doolhof.** |

## Algemene voorskrifte en bepalings:

- Slegs inskrywings in AFRIKAANS word aanvaar.
- In die Skole-afdeling moet inskrywings **HOOGSTENS** 1 000 woorde wees. In die Ope Afdeling **HOOGSTENS** 2 500 woorde. **Gedigte** mag nie **40 reëls** oorskry nie.
- Dieselfde persoon mag oor meer as een onderwerp skryf en mag oor dieselfde onderwerp meer as een inskrywing instuur. Enige getal leerders van 'n skool mag deelneem. Enige skool wat 'n groot hoeveelheid inskrywings stuur MOET asseblief skakel om te verneem of die inskrywings hul bestemming bereik het.
- Kragtens die *Wet op Outeursreg* is enige vorm van plagiaat 'n strafbare, kriminele oortreding.
- Bestuurslede van die BSV en die beoordeelaars, asook hul gesinslede, mag nie deelneem nie.
- **Geen kommentaar** word op individuele inskrywings gelewer nie. Die BSV behou die reg voor om alle inskrywings drie maande ná bekendmaking van die wenners te vernietig.
- Deelnemers in die Skole Afdeling mag ook vir die Ope Afdeling inskryf (om natuurlik op gelyke voet met daardie afdeling se deelnemers te kompeteer.) Dieselfde inskrywing mag egter nie vir verskillende afdelings gebruik word nie.
- Die uitslag sal nie later nie **as Dinsdag, 16 Junie 2015** eers telefonies en dan per brief aan die wenners bekend gemaak word. Die media sal ook van die uitslag verwittig word.
- Pryse word op **22 Augustus 2015** tydens die jaarlikse **BSV Slypskool vir Ontluikende Skrywers** in Bloemfontein oorhandig.
- **GEEN GEREGISTREERDE POSSTUKKE SAL AANVAAR WORD NIE!**



## Trofeë

Wisseltrofeë, wat 'n jaar lank in die ontvangende skool se besit bly, word soos volg toegeken:

- Die **HAUM-Literêr-wisseltrofee** – aan die skool van die wenner in die Junior Afdeling (Skole-afdeling).
- Die **Vrystaat-wisseltrofee** – aan die skool met die meeste inskrywings (plus R1 000).
- Die **Olivier-wisseltrofee** – aan die skool van die wenner van die Senior Afdeling (Skole-afdeling).
- Die **Gerhard Beukes-wisseltrofee** – aan die skool van die skrywer van die beste inskrywing in die Junior en Senior Afdeling gesamentlik.

Daar is nou ook **Poësie-** en **Prosatrofeë** vir die ander afdelings op die spel.